



DIE PROFESIË VAN OPENBARING

DIE MERK VAN DIE DIER



In Openbaring 13:3 Lees ons die volgende:

“En ek het een van sy koppe gesien net of dit dodelik gewond was, en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan”

Ons het alreeds bevestig dat hierdie Luiperddier van Openbaring voorgestel word deur die Pousdom. Ons het gestudeer dat die kleinhorinkie mag van Daniël 7:25 en die Luiperddier van Openbaring 13 presies een en dieselfde mag is.

In ons skriflesing hierbo lees ons dat hierdie Luiperddier, ‘n dodelike wond toegedien is. Wat is die uitleg van hierdie Profesieë? Die geskiedenis leer ons dat die Pousdom amptelik tot stand gekom het in 538 n.C Dit het gebeur nadat die keiser van Rome ‘n dekreet uitgevaardig het dat die Biskop van Rome hoof van al die kerke op aarde is, in 538 n.C Die geskiedenis leer ons dat Keiser Justinus Rome aan die Pous “gegee” het toe hy ‘n bevel uitgevaardig het dat die Pous oor al die Christelike Kerke sal heers. Dit was op hierdie tydstep dat die Keiser se generaal Belisaruis die Oos-Gote uit Rome verdryf het. Rome het aan hom (die Pousdom) sy “troon” gegee.

Vanaf 538 n.C was die pousdom presies 1260 jaar aan bewind tot die jaar 1798 n.C., toe iets merkwaardig plaasgevind het.

Berthier, een van Napoleon se generaals, het die pous as gevangene na Frankryk geneem waar hy later in die tronk gesterf het. Dit is toe dat die Luiperddier (Pousdom) soos volgens die profisie van Openbaring 13:3 ‘n dodelike wond toegedien was. Die pousdom het inderdaad net 1260 jaar geregeer (538 + 1260 = 1798) soos dit deur die profisie voorspel was. Napoleon wou die wêreld oorheers en die Pousdom het in sy pad gestaan.


Maar Openbaring 13:5 sê ook **“...en sy dodelike wond is genees. En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aangegaan.**

Openbaring 13:12 sê **“....En hy oefen al die mag van die eertse dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is”.**

Hierdie dodelike wond is genees in 1929 toe die Italiaanse regering die Vatikaanstad (Die plek waar die Pous woon) as ‘n onafhanklike staat erken het. Weereens staan die Pous aan die hoof. Op 9 Maart 1929 kondig hy dan ook aan **“ Die volke van die ganse wêreld is met ons”** . ‘n Berig van die verdragsondertekening het op die voorblad van die *“San Francisco Chronicle”* verskyn. Dit het asvolg gelui: **“Musolini en Gaspari onderteken historiese verdrag....genees die wond van baie jare .”** Dis ongelooflik! Wat die Bybel geprofeteer het, word met dieselfde woorde in die koerant bevestig!!

Wie is die tweede dier van Openbaring 13:11,12?

“En uit die aarde het ek ‘n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos ‘n lam en het gepraat soos ‘n draak. En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is”.



Ons sien dat hierdie tweede dier sy verskyning maak min of meer die die tyd toe die dodelike wond van die Luiperddier genees is. Ons sien ook dat in kontras met die Luiperddier wat uit die **see** uit opkom, dat hierdie dier uit die **aarde** uit opkom.

Die vraag dan nou is, Wie is hierdie tweede dier wat uit die aarde uit opkom? En tweedens wat stel die aarde voor? Ons beantwoord die tweede vraag eerstens. Ons het gesien dat die see volgens Openbaring 17:15 “volke en menigtes en nasies en volke” voorstel. Dus moet die aarde die

teenoorgestelde voorstel as nasies tale en volke en menigtes. Ons het dus hier te doen met 'n nasie wat in 'n onbewoonde of yl bewoonde gebied ontstaan het. Hierdie moontheid sou nie in opstand kom teen ander magte om 'n vaste plek in te neem nie, intendeel, hy sou verrys in 'n voorheen **ONBEWOONDE** gebied.

In teenstelling met die bloed deur weekte Europese nasies, sou hierdie mag stilweg en vreedsaam verrys "soos 'n lam".

Die koninkryk of land wat aan hierdie beskrywing voldoen, is nie anders as die Vereenigde State van Amerika nie. Amerika het sy ontstaan gehad min of meer in 1798.

"En hy het twee horings gehad soos 'n lam". Die lam se horings stel die jeugdigheid, sagmoedigheid en die siviele (burgerlike) en godsdienstige vryheid voor. Die onafhanklikheidsverklaring en die konstitusie (Grondwet van Amerika) weerspieël hierdie edele sienswyse en asgevolg van hierdie beginsels het die VSA 'n magtige nasie geword. Vanuit alle lande het die verdruktes en die vervolgdes hoopvol na die VSA gekyk.



"Maar die dier met die lamshorings het **"gepraat soos 'n draak"**. En oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is. Hy doen ook groot tekens, sodat hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" Openbaring 13:11-13.

Die lamshorings en dan skielik die stem van die draak stel die persoonlikheidsverandering voor. Die uitbeelding van hierdie land as 'n "draak" stel die gebruik van mag voor. Die Luiperddier van Openbaring 13 (die eerste dier) het van dieselfde beginsel gebruik gemaak deur Godsdienstige wette af te dwing. Indien die VSA ook gebruik sou maak van die beginsel, sou dit direk in kontras wees met sy grondbeginsel van godsdienstige vryheid. Die grondwet van die VSA maak voorsiening dat "die Kongres geen wet sal afdwing op enige godsdienstige liggaam of enigszins godsdienstvryheid belemmer nie."

Voordat ons die uitlegging van Openbaring 13:14-15 bestudeer, kom ons kyk eers na die **"Merk van die dier"** soos dit opgeskryf staan in Openbaring 13:16-17: **"En hy maak dat almal, klein en groot, en rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het"**

Wat is die merk van die Dier?

Om hierdie vraag van die merk van die dier te beantwoord moet ons eers kyk na die volgende skriftuur gedeeltes: Openbaring 7:1-4 en Openbaring 14:1-5,9,10:

Openbaring 7:1 – 4: **"En na hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie. En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend uit al die stamme van die kinders van Israel."**

Openbaring 14:1-5,9,10:

"En ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en die Naam van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe. En ek het 'n geluid uit die hemel gehoor soos die geluid van baie waters en soos die geluid van 'n harde donderslag, en ek het die geluid gehoor van sitterspelers

wat speel op hulle siters. En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertig-duisend wat van die aarde vrygekoop is. Dit is hulle wat hulself met vroue nie besoedel het nie, want hulle is maagdelik rein; dit is hulle wat die Lam volg waar Hy ook heengaan; dit is hulle wat gekoop is uit mense as eerstelinge vir God en die Lam. En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God.

Vers 9,10

En 'n derde engel het hulle gevolg en met 'n groot stem gesê: As iemand die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorhoof of op sy hand ontvang; sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam.”

In hierdie gedeeltes lees ons dat die **diensknegte van God** verseël word met die seël van God. **Wat is die seël van God?**

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons eers gaan kyk wat is die **identifiseerende karaktertrekke** van die “**diensknegte van God**”

Die profeet Sefanja identifiseer drie karaktertrekke: **Sefanja 3:13:**

“Die oorblyfsel van Israel sal geen onreg doen en geen leuentaal spreek nie, en in hulle mond sal geen bedrieglike tong gevind word nie;”

Die oorblyfsel van Israel, wat die diensknegte van God is, sien ons uit hierdie teks vers het die volgende karaktertrekke:

- ❑ Hulle doen geen onreg nie. (Met God se hulp en in sy krag onderwerp hulle hulself tot God deur hulle sondes te belei en te laat staan)
- ❑ Hulle praat geen leuens nie.
- ❑ Hulle besit geen bedrieglike tong nie.

Die woorde **bedrieglike tong en leuens** kan saam gevat word in een woord, naamlik **bedrog**.

Hierdie drie karakter eienskappe is presies wat die Bybel beskryf Jesus Christus se karakter is. Ons lees in 1 Petrus 2:21,22:

“Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg,; Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie.”

Ons moet Jesus se karakter na boots, met die hulp van die Heilige Gees. Die Skrif sê vir ons hier dat Hy vir ons 'n **voorbeeld** nagelaat het in twee dinge:

1. Jesus het geen sonde gedoen nie.
2. In Jesus se mond was daar geen bedrog gevind nie.

So die diensknegte van God wat heilig is sal presies dieselfde karakter eienskappe hê as Jesus, naamlik: Hulle sal geen sonde doen nie en in hulle mond sal daar geen bedrog gevind word nie.

So wie is dan die oorblyfsel van Israel? Dit is diegene wat Jesus se voorbeeld nagevolg het. So moet ons ook dus Jesus se voorbeeld na volg as ons deel wil uit maak van die Oorblyfsel kerk.

Romeine 9:27:”En Jesaja roep oor Israel uit: Al is die getal van die kinders van Israel soos die sand van die see, net die oorblyfsel sal gered word.”

Hoekom net die oorblyfsel? Want dit is hulle wat geen sonde doen nie en wat geen bedrog in hul monde het nie. Belangrik is dit om by te voeg dat ons nie gered word deur 'n Christelike Karakter te hê nie, **“want uit genade is julle gered”**, maar sonder dit kan ons ook nie gered word nie, want om so 'n karakter te hê is die gevolglike resultaat wanneer ons die volheid van God se genade ontvang.

Die Bybel sê in Johannes 14:15: “As julle my liefhet, bewaar my gebooie”. In Openbaring 14:12 net na die teksvers wat sê wat met diegene sal gebeur wat die merk van die dier sal ontvang, sê dit: **“Hier kom die lydsamheid van die heiliges te pas, hier is hulle wat die gebooie van God en die geloof in Jesus bewaar”**

Hou in gedagte dat die basis vir ons verlossing is genade, en die voorwaarde waarop genade baseer is, is geloof in die gehoorsaamheid in die onderhouding van God’s tien gebooie. Ons het so pas gelees in Openbaring 14:12 dat dit die oorblyfsel is wat God se gebooie onderhou en gehoorsaam is tot die gebooie. So met ander woorde die persone wat in die **eindtyd sal leef**, wat deel sal uitmaak van God se oorblyfsel is die persone wat presies dieselfde karakter soos Jesus sal hê **wat geen sonde het** nie en in **wie se monde daar geen bedrog gevind sal word nie**. Daar is ‘n ander naam vir hierdie groep mense wat hierdie karaktertrekke het. Hierdie ander naam is die 144000. Openbaring 14:5 sê: **“En in hulle mond is daar geen bedrog gevind nie; want hulle is sonder gebrek voor die troon van God”**. So hierdie groep mense deel met Jesus die feit dat daar geen bedrog in hul monde gevind is nie en die feit dat hulle sonder gebrek (sondeloos) voor God staan. So met ander woorde die oorblyfsel/144000 is vrygekoopte sondaars gewas in die bloed van die Lam! So diegene wat die seël van God ontvang is vrygekoop deur die bloed van die Lam. Dit is hulle in wie se monde daar geen bedrog gevind is nie en dit is hulle wat gehoorsaam is tot die dood toe aan die wet van God en spesiaal die vierde gebod, die Sabbat’s gebod.

So die seël van God is die karakter van God. En wat is die karakter van God? Die karakter van God is sy tien gebooie. Die seël van God is dus die Vader se Naam wat geskryf is op die voorhoofde (dit wil sê in hul verstand) van die oorblyfsel/144000. En God se naam verteenwoordig sy karakter. En God se naam is heilig: Mattheus6:9 “Laat u naam geheilig word.” Ons heilig sy naam omdat dit sy reinheid en sy heilige karakter voorstel.

Wat is ‘n seël?

‘n Seël is iets wat te doen het met wetlike aangeleenthede. Amptelike dokumente word verseël met die seël van die heersende regeringsbeamptenaar. Alle wette wat uitgevaardig word, dra die seël van die regering. Elke seël bestaan uit drie verpligtende elemente:

1. Die naam van die Regeerder
2. Die titel en gesag van die Regeerde
3. Die gebied waaroor hy regeer

Toe Pilatus se seël geplaas was oor die graf van Jesus het dit hierdie drie verpligtende elemente gehad:

1. Naam = Pontius Pilatus
2. Gesag = Goeweneur
3. Gebied waaroor hy regeer = Judea

So belangrik was God se seël dat hy nie ‘n skriftuur begin het sonder sy seël nie: **“ In die begin het God die hemel en die aarde geskape”** Genesis1:1.

1. Naam = God
2. Gesag = Skepper
3. Gebied waaroor Hy regeer = hemel en aarde

By die einde van die skeppingsweek was die Sabbat gemaak. Hier het God weereens sy Seël geplaas: Genesis 2:1-3:

“So is dan voltooi die **hemel en die aarde** met hulle ganse leërmag. En **God** het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy **gemaak** het, en op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy **gemaak** het. En **God** het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat **God geskape** het deur dit te **maak**.”

In hierdie gedeelte word **God se naam** drie keer genoem. Sy **gesag** word vier keer genoem: gemaak drie keer en geskape een keer. Sy **gebied** waaroor hy regeer: eenkeer

God se seël word ook in Sy wet gevind. Exodus 20:8-11: **“Gedenk die Sabbat dag dat jy dit heilig. Ses dae moet jy aarbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die Here jou God; dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.”**

1. Sy Naam = **die Here**
2. Sy Titel/gesag = **jou God**
3. Sy gebied = **die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is**

U mag dalk vra: Is die Sabbat werklik die seël van God? Ons lees in Esegïel 20:12: “Daarby het Ek ook My Sabbatte aan hulle gegee om ‘n **teken** te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die Here, is wat hulle heilig.”

Esegïel 20:20 “En heilig my Sabbatte; en hulle sal ‘n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die Here julle God is.”

Dus die **Seël van God** is Sy heilige Sabbat!!

Ons lees in Openbaring 14:7:

“En hy het met ‘n groot stem gesê: Vrees **God** en gee Hom heerlijkheid, want die uur van sy oordeel het gekom; en aanbid Hom wat **die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het.**”

As die Sabbat die Eksterne teken is van die Seël van die Lewende God, dan is dit duidelik dat **die merk van die dier** dan die valse Sabbat is – **SONDAG AANBIDDING!!!** “n Dag wat God nog nooit geseën en geheilig het nie

Dus die **Merk van die Dier** is Sondag Aanbidding

Satan het goed geweet dat dit juis hier is waar hy moes intree. Geen wonder die Luiperddier het dit verwyder en dit vervang met ‘n valse plaasvervanger nie!!

Kyk na die volgende verbasende verklaring betreffende die verandering van God se sabbat na Sondag – **“Natuurlik beweer die Katolieke Kerk dat Sy die Sabbat verander het. En hierdie daad is ‘n bewys van haar geestelike mag en gesag rakende geestelike aangeleenthede”** (Thomas H.F. Chancellor of Cardinal Gibbons, in answer to a letter regarding the Change of the Sabbath).

Sondag aanbidding is die merk van Pouslike heerskappy, die **“merk van die dier”**. Die geskil punt is duidelik. God sê Hy is die ware God. As Skepper het Hy aan ons die Sabbat gegee as ‘n teken van sy gesag. Deur dit te gehoorsaam, bewys ons daarmee ons erkenning van Sy outoriteit.

Hieroor sê die Katolieke Kerk:

“Nee! Heilig die eerste dag van die week en siedaar! Die hele beskaafde wêreld gehoorsaam en buig voor die Katolieke Kerk in eerbetoon. Dit is die MERK van ons gesag om God se wet tot niet te maak” (Father Enright C.S.S.R of the Redemptoral College, Kansa City, Mo., In History of the Sabbath) bl 802...

Maar wat van al ons dierbares wat op Sondag aanbid en nie van beter weet nie? Het hulle die merk van die dier? Nee! Slegs diegene wat bewustelik God se vierde gebod verbreek, is toerekenbaar. Die Bybel verklaar :” Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde” Jakobus 4:17. U en ek weet en word aanspreeklik gehou. Binnekort sal almal weet. Dit is een van God se groot toetse vir die

wêreld in die laaste dae. Dit sal diegene wat God waarlik liefhet en selfs te midde van vervolging gehoorsaam, skei van hulle wat voorgee dat hulle Christene is. Maar soos Pilatus sal hulle 'n kompromis aangaan, die stroom volg en uiteindelik die “**merk van die dier**” ontvang. Die “merk” sal eers amptelik ontvang word wanneer “**die dier met die twee horings**” van Openbaring 13 dit **afdwing**.

Ons wil beslis nie ons liefdevolle Verlosser teleurstel deur enigeen van Sy geboorte te verbreek nie! Dit sal Sy hart breek. Sonde veroorsaak in Hom die grootste pyn. Aan die kruis het Hy in doodangs gely om ons van sonde te bevry. Bloed het uit Sy liggaam gevloei. Sy liefde vir ons is teer. Diegene wat die “**merk van die dier**” willens en wetens ontvang, toon daardeur 'n gewilligheid om die liefdevolle hart van God te breek. Dit verbly Hom egter as ons kies om al Sy geboorte te gehoorsaam.

Wanneer u Hom op 'n besondere wyse begin aanbid op Sy sabbat, sal Hy dit die gelukkigste dag in die week vir u maak. Dit sal u in staat stel om al u sorg en arbeid vir 'n volle dag opsy te skuif en heerlik saam met Jesus te rus – nie net fisies nie, maar 'n sielorus, 'n vreugdevolle vrede en vryheid van skuld.

Indien u nou op sabbat werk, kan Hy u daarmee ook help. Ek het dit nooit sien misluk nie. Diegene wat besluit om Sy sabbat te heilig en geen werk daarop te doen nie, geniet God se spesiale sorg en wonderbaarlike voorsienigheid. Of Hy sal u help om onthef te word van verpligtinge op die sabbat by u werk, of Hy sal sorg dat indien u daardeur u werk verloor, u 'n beter werk kry! Dit word gewaarborg deur God. Dit is ons liefdevolle hemelse Vader (Mattheus 6:33)

[Nog 'n vraag – wat beteken dit om die “merk” in u hand te ontvang?](#)

Onthou, om dit in u voorhoof te ontvang beteken dat u daarin glo en u lojaliteit daaraan bewys. Om dit in die hand te ontvang, beteken dat wanneer die merk deur die “**beeld van die dier**” afdwing word, hulle daarvoor te vinde sal wees, nie omdat hulle daaraan glo nie, maar bloot om nog te kan koop en te verkoop, om hulle werk te behou, en hulle eie lewe te red. Die hand is 'n simbool van werk en verdienste.

Die beeld van die dier

Wie is die “beeld van die dier”? Wie doen dit? Wie gee dit mag?

In Openbaring 13:11,12,15-17:

“En uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak. En oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid, waarvan die dodelike wond genees is.”

Vers 15-17

“En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee, sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat die dier se beeld nie aanbid nie. En hy maak dat almal, klein en groot, en rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.”

Die Verenigde State van Amerika (die dier met die twee horings) sal maak dat almal die eerste dier aanbid deur die dier se “merk” deur wetgewing af te dwing! Die woord “**maak**” – Engelse vertaling “**cause**” – beteken in die oorspronklike Grieks “**forseer**”.

'n Nasionale Sondagwet sal in die VSA afgekondig word. Later sal hierdie wet uitbrei en Internasionaal word sodat dit elke land op die aarde raak.

Ons het reeds geleer dat die dier met die twee horings die Verenigde State van Amerika is. Die eerste dier (Luiperddier) is die Pousdom. Die beeld van die dier is 'n godsdienstige mag net soos die dier in die VSA wat baie valse leringe leer – die meerderheid van die Protestantse wêreld.

Om dit eenvoudig te stel, Openbaring 13 lê vir ons die verbasende feit bloot dat Protestantse Amerika sal maak dat almal die Pousdom moet aanbid en sy “merk” ontvang deur 'n nasionale Sondagwet te maak en almal wat dit nie gehoorsaam nie, sal die gevolge moet dra!

Wanneer mens die dieptes van geestelike verval bereik en so 'n wet maak, sal dit nie slegs 'n **"beeld"** vir die dier in die VSA maak en die patroon van die ou pouslike beginsel van vervolging naboots nie, dit sal die werkswyse begin vir almal om die **"merk van die dier"** te ontvang!

U moet verstaan dat dit nie die dier sal wees wat sy **"merk"** met die wet in Amerika afdwing nie, dit sal sy **"beeld"** wees – Protestantse Amerika.

Dit kom alles daarop neer dat ons gedwing sal word om of die wette van ons geliefde land te gehoorsaam of die Here ongehoorsaam wees. Watter vreeslike toets! As jy getrou aan die Here is, sal jy vir 'n kort rukkie voordat Jesus kom, werkloos wees, jy sal nie die reg hê om te koop of om te verkoop nie en die doodsvonnissal oor jou kop hang.

Klink dit ontmoontlik? Dit is alreeds aan die gang! Groot godsdienstige groepe soos die **"Lord's Day Alliance"**, wil dit hê en het alreeds baie artikels in die verband gepubliseer.

Die nasionale Katolieke joernaal, Catholic Twin Circle het gesê:

"Alle Amerikaners sal goed doen deur 'n petisie aan die President en die kongres voor te lê vir die maak van 'n federale wet – vir die herinstelling van die sabbat (met verwysing na Sondag) as 'n nasionale Dag van Rus" (Catholic Twin Circle, August 25, 1985, Art. "Sacking Sunday")

Wat hierdie godsdienstige groep nie besef nie is dat wanneer die VSA werklik 'n landswye Sondagwet aanneem, dit die godsdienstryheid sal wegneem van diegene wat verkies om die dag van die Here te onderhou in plaas van die dag van die son wat die Rooms Katolieke Kerk ingebring het na aanleiding van die heidense sonaanbidding. Dan sal dit besig wees om die **"merk van die dier"** af te dwing! Diegene wat voortgaan met hierdie onderdrukkende wet met die wete wat hulle doen, sal vir seker die **"merk van die dier"** ontvang. Waarom? Hulle sal ongehoorsaam wees aan die gebod van die Here ten einde die tradisies van die mens te gehoorsaam. Jesus het gesê: **"Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooië van mense is"** Markus 7:7

In baie lande soos die VSA en in Suid-Afrika is daar nog baie van die sogenoemde **"blou wette"** op die wet boeke van die land. In 1610 het die eerste Sondag wet in Virginië, Amerika vereis dat **"elke man en vrou in die môre die kerkdiens sal bywoon sowel as die preke wat op die sabbat (Sondag) gepreek word, en in die middag die kerkdiens en kategismus. Vir 'n eerste oortreding – die verlies van lewensmiddele asook die toelae vir die hele volgende week; vir 'n tweede oortreding – die verlies van genoemde toelae en ook slae; en vir 'n derde oortreding die dood!!** (Laws en order, Divine Polotique, and Martial, for the Colony in Virginia)

Baie van hierdie **"blou wette"** lê stil en wag om weer ingestel te word.

Wat sal die mense beweeg om 'n landwye Sondagwet in werking te stel?

1. **Misdaad** sal 'n belangrike faktor wees. Omdat die Politieke leiers en Kerkleiers nie meer antwoorde het vir die stygende misdaad regoor die wêreld nie, sal 'n Sondagwet volgens hulle die enigste oplossing wees.
2. **Ekonomiese krisis**: Die ekonomiese krisis is die tweede rede vir die aansporing van die Sondag wet.
3. **Godsdienstige leiers**: van alle mense, wat die volk aanspoor en onder die indruk bring dat die wet so nodig is. Volgens 'n onlangse koerant berig lees ons die volgende in die Liberty Confidential Newsletter Vol. 5, 1982 **"dat daar geen verligting van stygende ekonomiese rampspoed sal wees nie, alvorens Sondag sterk afgedwing word deur dekrete en optrede deur die regering"**. Nou kan u en ek duidelik sien dat hierdie 'n vervulling van profesie is en die volk aanpor om die **"merk van die dier"** af te dwing!
4. **Wonderwerke**: Het u die onlangse geweldige opswelling van belangstelling in die bonatuurlike opgemerk? God is beslis 'n God van wonderwerke. En as gevolg hiervan, glo baie dat alle wonderwerke van God is. Hulle ken nie hulle Bybel nie en sal des te makliker deur Satan se wonderwerke bedrieg word. Let op die volgende: **"En ek het uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die valse profeet drie onreine geeste soos paddas sien kom. Want dit is geeste van duiwels wat tekens doen, wat uitgaan na die konings van die aarde en die hele wêreld"** **Openbaring 16:13,14**. Wat hier te sprake is, is dat duiwels ook wonderwerke doen

sowel as die Here. Op hierdie bedrieglike wyse sal die hele wêreld mislei word om die dier te aanbid en sy merk te ontvang. Deur wonderwerke sal baie reken dat hulle onweerlegbare bewys het dat die onderdrukkende wet van God is, en dat hulle daarmee saam moet gaan ten einde die ekonomie en die volk te red! Een van die vernaamste maniere waarop daardie bewonderenswaardige “**wonderwerke**” miljoene sal bedrieg, is deur kontak met afgestorwe geliefdes wat, so word geglo, uit die hemel kommunikeer. Vir mense wat nie die Woord van God ken nie, sal dit ‘n oorweldigende misleiding wees! Die Bybel verbied enigeen om te probeer om kontak met die dooies te maak, want as hulle dit doen, nooi hulle bose geeste om met hulle te praat. Daarom is mense in die Bybelse tyd dood gemaak as hulle skuldig was aan die soort ding.

Die kerke wat Sondag as rusdag onderhou, sal in ‘n groot beweging verenig ten einde die wêreld te bekeer. Daar is alreeds godsdienstige leiers wat hul gemeentes betrek in die politiek. Aangesien die nasionale Sondagwet ‘n godsdienstige wet sal wees, is dit logies vir die duiwel om die kerke in die politiek te betrek en te probeer om die skeiding tussen kerk en staat in duie te laat stort om federale geld vir godsdienstige skole te kry en “**goeie**” godsdienstige wette te kry! Dit is skokkend maar baie van die groot politieke sowel as die godsdienstige leiers is nou teen die skeiding van die kerk en die staat. Die Sondagwet sal gesien word as net die ding om die verskriklike probleme voor ons op te los en om die Christelike wêreld te verenig. Kerke is alreeds besig om te verenig.

Hoe bereken ons die getal van die dier?

In Openbaring 13:18 lees ons die volgende:

“Hier kom die wysheid te pas. Wie die verstand het, laat hom die getal van die dier bereken, want dit is die getal van ‘n mens; en sy getal is seshonderd-ses-en-sestig”.

Op die amptelike biskopmus van die Pous verskyn die titel “**VICARIUS FILII DEI**” wat die Latyns vir “**PLAASVERVANGER VAN DIE SEUN VAN GOD**” is. Vir jare al word daarop aanspraak gemaak dat dit sy amptelike titel is en word dit ook so in die openbaar verkondig. In die uitgawe van **18 April 1915** word daar in “**Our Sunday Visitor**” verklaar:

“Die volgende letters is in die Pous se biskopmus gegraveer: ‘VICARIUS FILII DEI’ wat die Latyns vir ‘PLAASVERVANGER VAN DIE SEUN VAN GOD’ is”

Wanneer ons hierdie Latynse bewoording in die Romeinse syfers ontsyfer dan kry on die volgende:

V	= 5
I	= 1
C	= 100
A	= 0
R	= 0
I	= 1
U	= 5 [U en V het dieselfde waarde. U kan dit naslaan in u ensiklopedie]
S	= 0
F	= 0
I	= 1
L	= 50
I	= 1
I	= 1
D	= 500
E	= 0
I	= 1

Dit gee ons ‘n totaal van: = 666

In Grieks, Hebreeus en in Latyn kom dit op dieselfde neer.